Vooraf sang
Lied 428:1,4,5

Ontmoetingsdiens
Intreelied en votumgebed: Sb 10-1: 1,2,3,4 (Mel Ps 50-1, 2 de mel)
Seën
Loflied Sb 1-1: 1,4,5
Geloofsbelydenis interaktief uit Sondag 1
Sing nuwe Sb “Die Heilige Gees werk” (Mel Lied 188).

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Eks 20
Antwoord op die wet uit Sb 1-3: 1,3 (Mel Ps 128-1)
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing: Kolossense 2: 1 - 3: 4
Teksverse: Kol 2: 3 - 10
Sing Sb 15-8: 2, 3
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Antwoord direk na Woordverkondiging met Ps 25-1: 2,4,7
Liefdegawes
Gebed
Sing Ps 119- 1: 20,21,23
Seën
Amen Sb 13-3

Geliefde brs en srs en liewe kinders

Ons leef in ‘n deurmekaar en verwarrende wêreld. Daar is soveel invloede, denkrigtings, idees, redenasies en stemme wat ons met opset wil verwar. Ons leefwêreld word met hierdie dinge oorspoel. Hierdie inligting oor kennis, denkrigtings en idees word as’t ware oor ons uitgegooi soos vullis op ‘n munisipale stortingsterrein en daardie hoop word net groter en groter.

Dit is eenvoudig verstommend watter magdom van inligting die internet bevat. Doen jy ‘n Google soektog oor een of ander onderwerp is daar letterlike duisende webadreste waar jy inligting oor die onderwerp kan kry. **Mense van reg oor die wêreld strooi hulle denke en idees oor ander uit deur middel van Twitter** met tweets wat onophoudelik stroom. Gelukkig kan ek kies wie ek wil volg of nie!
Die TV – kan as jy hom toelaat – jou persoonlike lewe 24 uur, 7 dae ‘n week, vul met allerlei programme wat jou blootstel aan dinge wat nie gesê of gedoen moet word nie.

Die tegnoloë voorspel ook dat hierdie onbeskryflike magdom van inligting nog meer mobiel of beweeglik gaan word. Die manier waarop jy toegang tot inligting kan kry gaan al hoe kleiner en kompak word. Slimfone, brille met slim lense en ander draagbare toestelle wat jou alles gaan bied oral in die wêreld. **Jy dra jou rekenaar, jou TV en jou biblioteek saam in jou sak of jou bril se lense.** Ons en ons kinders het toegang tot al hierdie dinge met die druk van ‘n knoppie. **Jy betrap jouself dat jy verslaaf kan raak aan hierdie onophoudelike stroom van inligting omdat jy dit so met jou kan saamdra.**
Kan ek vra: wie het nou ‘n selfoon in die sak of handsak? Steek op!

Geliefdes, die Here waarsku ons vanmore dat sy en ons vyande: **die duiwel en almal wat in sy beheer is, hierdie onbeskryflike magdom van inligting doelbewus gebruik om ons weg van God te lei.** Hulle wil ons denke besoedel sodat ons nie meer God se stem kan hoor en Christus kan volg nie.

Daarom sê die Here vanmore vir ons: **Ons het in Christus die volle rykdom van kennis en wysheid, moenie dat iemand jou van Hom af weglei nie**. (herhaal)

Dit voel vir my **ons as gelowiges** is in **hierdie proses van inligting** wat ons oorstroom soos **daardie mense wat op die munisipale stortingsterrein probeer om dinge wat nog bruikbaar is te herwin**. Hulle haal tussen die stinkende gemors papier, plastiek en ander bruikbare materiaal uit. So moet ons op **die stortingsterrein van inligting dit wat goed en bruikbaar is uithaal en gebruik om die Here te dien.**

Brs en srs en kinders: **baie Christene word deur hierdie invloede weg van Christus getrek op dwaalweë** wat hulle geloof verarm, hulle geestelike lewe versmoor en hulle uiteindelik van hulle geloof kan beroof.

‘**n Hele kerkverband kan ook met tyd deur invloede van buite en binne die kerk verwar word en koers verloor**. Dit het in sekere opsigte met ons kerk gebeur en daarom

dat het ons kerkleiers besluit dat ons „n omkeerstrategie nodig het. **‘n Omkeerstrategie beteken doodgewoon dat ‘n kerk haar moet bekeer van verkeerde denkrigtings, verkeerde dade en verkeerde gewoontes sodat sy weer die Here Jesus kan volg.**

Kom ons kyk aan die hand van ons teks hoe ons en ons gemeente dalk al van die Here weggelei is.
Paulus begin in vers 3 deur die gemeente van Kolosse aan te moedig **om “saam te strewe na diep en volledige insig”!** Onthou u nog ons boodskap van twee weke gelede uit 1 Petrus 1: wees verstandelik wakker en nugter?? Dit is wat Paulus ook bedoel en waartoe hy ons aanmoedig. Ons gaan nou nie verder hierop ingaan nie.

Maar die fokuspunt, die doelwit van hierdie “saam strewe na diep en volledige insig” is vanmore ook ons fokuspunt. Naamlik: Jesus Christus! Christus, sê Paulus, **is die geheimenis van God**.
Wat bedoel hy daarmee?
Die heersende denkrigtings of idees van daardie tyd rakende die manier waarop ‘n mens kennis kan bekom, het van twee bronne gekom. Die lidmate was eerstens blootgestel aan die Grieke se denke dat jy ware kennis bekom deur geheime openbaringe wat die gode aan jou sou bekendstel. Dit staan bekend as die gnostisisme. Deur te volhard in allerhande sg godsdienstige rituele en oefeninge sal die gode aan jou die geheime kennis van die lewe openbaar. Geheime kennis was die fokuspunt van die Griekse denke.

Die ander denkrigting is deur die Joodse geloof voorgehou naamlik dat wanneer jy aan die Joodse tradisies, feeste en wettiese voorskrifte vashou en dit volkome naleef dan sal jy die ware wysheid van die Ou Testament ontdek en dan sal jy gered kan word. Vir die Jode was ware wysheid dat jy jouself so kan red.

Paulus sê: hierdie en ander verkeerde denkrigtings en wêreldse idees word **deur middel van valse redenasies en op misleidende maniere aan die gelowiges voorgehou as die ware kennis en wysheid en so word hulle van Christus weggetrek.** Christus verdwyn uit die oog en mense begin hulle hoop bou op allerhande ander maniere van glo en van kerkwees.

Mense word in hulle denke mislei dat daar allerhande ander maniere van leef is en van kerkwees is, wat eintlik beter is as wat God in Christus aan ons geopenbaar het en dan begin hulle daarvolgens lewe! Paulus sê hierdie valse en eintlik duiwelse denkrigting en idees neem jou gedagtes gevange en voer jou denke weg, soos mense in daardie tyd en vandag nog, **soos slawe gevange geneem word en weggevoer word om ander mense te dien!** Jou denke word slaaf van valse en verkeerde denkrigtings en idees en jy word deur hulle gevange gehou. **Jy begin daarvolgens leef en glo dat dit die waarheid is.**

Brs en srs en kinders, ons moet dus vasstel wat is die valse en duiwelse denkrigtings en idees waaraan ons blootgestel word en wat ons denke en dus ons

lewe gevange wil neem. Watter van hierdie magdom van inligting oor denkrigtings, idees en lewenswyses wat deur middel van al die media tot ons kom, beïnvloed ons so dat ons fokus van Christus wegskuif en dat ons nie meer 'n ware Bybelse manier van leef en kerkwees beoefen nie?

(sit kruis op die bord)
Brs en srs, 'n verslag wat alreeds in 2000 voor ons sinode gedien het, het '**n twintigtal valse denkrigtings en gepaardgaande gedrag uitgewys wat maak dat ons kerk in sekere opsigte van Christus afgewyk het.** Dit is die groot woorde wat ek op die wit plakkate vanmore hier teen die mure opgesit het. Net om op 'n manier te illustreer wat die Here ons wil leer. Ons leef midde in 'n verwarrende wêreld met misleidende idees. Hierdie denkrigtings, gedragspatrone en maniere van kerkwees het ons – in mindere of meerdere mate - van Christus af weggetrek.

Die kruis hier agter op die bord is die simbool van Christus as die geheimenis van God en al hierdie denkrigtings en idees is dit wat ons van Hom af wegtrek .Daar is nie tyd om elkeen van hierdie denkrigtings te verduidelik nie, maar ek wil een uitsonder wat ek meen eintlik ten diepste die rede vir ons kerk se agteruitgang verantwoordelik is en dit is: **ons missionere roepingsversaking**! Ons kerk is nie 'n kerk wat regtig ons roeping verstaan om deel te wees van God se plan om mense te red nie!

Kinders: die woord "missionêr" – beteken: sending. God het die kerk as sy sending – sy gestuurdes - in hierdie wêreld gestuur om verlore mense te red en ons doen dit nie. Met ander woorde: **elkeen van ons is 'n sendeling** – iemand wat deur die Here gestuur word om ander mense van Christus te vertel! En voor ons ons nie bekeer en weer waarlik sendeling, 'n sendende kerk en gemeente word nie, sal ons kerkverband uitsterf.

My katkisasieklasse het ook hierdie ander illustrasies gekies om aan te dui op watter **maniere kinders en jongmense se gedagtes beïnvloed word en weg van Christus gelei word.** Ek wil vir ons kinders vra: waarop dui hierdie twee illustrasie – (sit volgende skyfies op - wys na vriende en selfone) Julle moet julleself afvra: watter rol speel my vriende en die manier waarop ek my selfoon gebruik in my lewe om nie meer te glo en te lewe soos Christus wil hê ek moet lewe nie? (haal skyfies af)

Brs en srs en liewe kinders, hoe wil die Here dan hê dat ons moet lewe en dat ons kerk moet wees? Watter geheim het God vir ons Christus vertel wat ons aan moet vashou! **Hoekom is Christus die geheimenis van God? Hoekom moet Christus ons denke regeer?**
Want Christus het ons van die liefde van God kom leer. Paulus sê in ons teksverse dat **Christus die volle en ryke openbaring van God self is. In Christus sien ons en leer ons God ten volle ken soos Hy Hom aan ons wou openbaar!**

Wat wou God aan ons openbaar? Sy reddende liefde waardeur ons waarlik lewe en waarmee Hy oor die wêreld regeeer!!

God het ons lief en Hy wou sy liefde aan die mensdom openbaar en daarom het **Hy sy Seun, Jesus, na die wêreld toe gestuur om vir ons God se liefde te kom wys.** En **Jesus het dit gedoen deur sy lewe vir ons op te offer sodat ons gered kan word.** Dat ons gered kan word van God se oordeel oor ons sonde – dat ons sonde vergewe kan word - en ons losgekoop kan word van hierdie sondige wêreld met sy sondige denkrigtings en idees en lewenswyses.

God se reddende liefde in Christus is die geheim. Deur hierdie opofferende liefde het **Christus die koning van die wêreld geword**. In vers 10 sê Paulus: **Christus het alle mag oor alle dinge en mense en daardie mag is liefde!** Die genadige en reddende liefde van God in Christus is die geheim wat oor alle ander denkrigtings en idees regeer. Niks kan daarteen standhou nie.

A**l die ander maniere van kerkwees of van leef verarm jou!** Dit bind jou vas aan mens en hulle idees, dit beroof jou van geloofskrag want dit het geen krag nie. Dit beroof van hoop en sekerheid want dit bied geen hoop en sekerheid nie!

Maar in Christus, geliefdes, deel ons aan die oorvloed van die lewe van God se liefde! Vers 3 sê: in Hom het ons die verborge skatte van God! God se liefde in en deur Christus maak jou waarlik ryk! Onthou julle nog verlede Sondagoggend: dit is wat die ryk jongman nie kon begryp nie! Hy het gedink geld maak hom ryk! Nee, Christus maak jou ryk.

Paulus gaan verder in vers 9 en 10: **deur ons geloof en ons vashou aan Christus – deel ons in sy volheid!** Christus laat ‘n kerk waarlik lewe! Christus maak jou lewe as gelowige vol en ryk! Hy gee jou die lewe van liefde en Hy maak jou vry van alle menslike reddingspogings**! Hy skenk ons die Heilige Gees**! Die Heilige Gees wat ons deur die Woord herinner en leer wat Christus ons geleer het. Die Heilige Gees wat nuwe lewe in ons wek en ons in die geloof laat groei! In Christus is daar geestelike krag en groei. Hy is die wysheid van God wat ons leer hoe om te lewe! Hy is genoeg – ons het niks meer nodig nie!

Brs en srs en kinders, wie op Christus fokus aan Hom vashou word gevul met sy liefde sodat ek nie anders kan as om ook in gehoorsaamheid aan sy opdrag om ‘n sendeling te wees wat hierdie liefde aan ‘n verlore wêreld gaan deel nie!

Die Here sê vanmore: **Ons het in Christus die volle rykdom van kennis en wysheid, moenie dat iemand jou van Hom af weglei nie. Moenie dat die verwarring van die wêreld jou ook verwar nie. Onderskei uit alles die valsheid en misleiding soos gemors en behou net dit wat jou na Christus toe lei!**
Kom ons as gemeente en elkeen vir homself of haarself gaan kyk dan: hoe en waar is ons al gevange geneem en weggevoer deur valse en misleidende denke om nie meer die volheid in Christus te belewe nie!

Kom ons stel dit vas en dan breek ons daarmee! Kon ons bekeer ons daarvan! Volgende Sondag gaan die prediking in besonder gaan oor hierdie bekering, die wegbreek van dit wat ons van Christus weglei, sodat ons as gemeente en as gelowiges weer die heerlike volheid, die volle krag van die liefde van God en die heerskappy van Christus in ons lewe kan ervaar en dit ook kan uitdeel.

Geliefde br en sr en kind: Christus is die geheim – niks anders nie – moenie dat enige denkrigting, iemand anders se idees of voorbeeld, enige ander gedagte jou van Hom af weglei nie.

Amen

Kom ons sing nou in antw op die Woord die gebed van ps 25: Leer my heer u regte weë.